
# *Boetie*



# Boetie


1. Sarie gaan weg……………………………………………1
2. 'n Verassing vir Bettie …………………………….3
3. Boetie…………………………………………………….6
4. Boetie hou vas ………………………………………..8
5. Boetie kruip…………………………………………..10
6. Stoute Boetie!………………………………………13



tjie

**Sarie gaan weg**

Een dag gaan Sarie skielik weg.

Bettie bly by haar ouma.

Haar ouma se huis is ook in Klipplaat.



Bettie hou daarvan om by haar ouma te bly.

Sy is baie lief vir haar ouma.

Maar sy verlang na haar ma.

"Waar is Mamma?" vra sy haar ouma.

"Mamma is in die hospitaal," sê Ouma.

"Sy gaan gou huis toe kom."

Bettie weet nie wat is 'n hospitaal nie.

Sy weet nie hoekom haar ma daar is nie.

Sy wil haar ma hê.

Die volgende dag sê haar ouma vir haar,

"Kom, Bettie, ons gaan nou huis toe.

Jou ma het teruggekom."

Bettie is baie bly.

Sy wil haar ma sien.

Bettie se ouma lyk ook baie bly.

Sy glimlag.

Bettie en haar ouma loop gou

na Bettie se huis toe.



# **’n Verassing vir Bettie**

Bettie en haar ouma kom gou

by Bettie se huis aan.

“Jou ma is moeg,” sê Ouma. “Sy lê op die bed.”

Dis donker in die huis.

Hulle gaan na die slaapkamer toe.

Bettie sien dat Sarie op die bed lê.

Sy is baie bly om haar ma te sien.

“Mamma, Mamma!” sê sy.


“Bettie,” sê Sarie, “Ek is bly om jou te sien.”

Bettie wil op die bed klim.

“Pasop, Bettie,” sê Sarie. “Kyk.”

Langs haar op die bed lê daar ’n bondeltjie.

Daar is iets in ’n kombersie toegedraai.



Bettie weet nie wat dit is nie.

Dit lyk nie soos Rosie nie.

Dit is nie Bettie se pop nie.

Sarie maak die kombersie oop.

"Kom kyk, Bettie," sê sy.

Bettie kyk.

Daar in die kombersie lê 'n baba.

Die babatjie se oë is toe.

Die babatjie slaap.

"Ons het 'n seuntjie gekry," sê Sarie.

"Sy naam is Boetie. Hy is jou boetie."

Bettie is verbaas.

Sy staan en kyk.

Sy kan haar oë nie glo nie.

'n Baba!  'n Boetie vir haar!

"Boetie," sê sy saggies.  "Boetie."

"Hy sal eendag saam met jou kan speel,"

sê Sarie.  "Maar hy is nou nog te klein."

Bettie staan en kyk.


Sy is baie opgewonde.

'n Boetie is beter as 'n pop!

Sy sal eendag saam met hom kan speel.

Miskien sal hy môre groot genoeg wees!

Bettie is baie bly.



# <u>Boetie</u>

Sarie trek vir Boetie aan.

Bettie staan en kyk.

Boetie se beentjies is kort en vet.

Sy kaal voetjies is baie klein.

Hy skop terwyl Sarie hom aantrek.

Bettie lag.

Sarie lag ook.

"Ons het 'n mooi sterk seuntjie," sê sy.

"Hy sal eendag lekker saam met jou kan speel."

Bettie is bly.

Sy wil graag saam met Boetie speel.

Maar wanneer gaan hy groot genoeg wees?

Hy groei te stadig.

Hy is nog baie klein.

Sarie het hom nou klaar aangetrek.

"Wil jy vir Boetie vashou?" vra sy.

Bettie wil graag.

"Kom sit hier op die bed." sê Sarie.

Ek sal hom vir jou gee."

Sy laat Boetie in Bettie se arms lê.

Bettie is bly.

Sy hou van Boetie.



**Boetie hou vas**

Bettie hou vir Boetie vas.

Sy maak die kombersie oop en sit haar vinger in Boetie se handjie.

Boetie se klein vingertjies vat die vinger.

"Hy hou vas!" sê Bettie.


"Kyk, Ma, hy hou vas!"

Boetie se vingertjies is baie klein,

maar hulle is sterk.

Hulle hou vas aan Bettie se vinger.

Bettie kyk die klein vingertjies wat aan haar vinger vashou.



Elke klein vingertjie het sy eie klein naeltjie.

Dit is wonderlik.

Bettie se hand lyk baie groot langs Boetie se klein handjie.


Boetie se klein vingertjies hou styf aan Bettie se vinger vas.

"Boetie," fluister Bettie, "ek is jou sussie. Ek sal jou goed oppas."

Bettie sit stil en hou hom vas.

Sy is bly dat sy groot is.
Boetie is 'n baie klein babatjie.
Bettie is bly dat sy groot genoeg is om hom op te pas.
Sy is bly dat sy groot genoeg is om haar ma met hom te help.

# <u>**Boetie kruip**</u>



Boetie het geleer om te kruip.

Hy kruip oral.

Sarie moet dikwels vir Bettie vra,

"Waar is Boetie?"

Een oomblik is hy daar, en dan is hy nie daar nie.

Hy kruip vinnig.

Een aand sit Piet en Sarie voor die TV.

Hulle kyk *"7de Laan"*.

Bettie sit ook voor die TV,


maar sy kyk nie TV nie.



Sy speel met haar pop.

Sy trek vir Rosie haar rok


uit, en trek dit weer aan.



Toe draai sy die pop in haar klein kombersie toe. Bettie is baie lief vir Rosie.

Sy is ook lief vir Boetie. Hy kruip nou daar in die sitkamer rond. Hy staan teen die stoele op en trek die kussings af. Dan kruip hy weer. Hy kruip oral.

Hy kruip na Tommie toe, waar die kat op die sofa lê. Hy wil met Tommie speel, maar die kat spring weg.




Tommie wil glad nie hê dat Boetie met hom speel nie!

Boetie is mooi skoon, reg om te gaan slaap. Net na "*7de Laan*" sal hy gaan slaap.

Piet en Sarie kyk elke aand "*7de Laan*".

Hulle hou baie daarvan.

Hulle sit en kyk lekker.




Skielik sien Sarie dat Boetie verdwyn het.

"Bettie, waar is Boetie?" vra sy.

Bettie weet nie.

Sy staan op.

Miskien het Boetie kombuis toe gekruip. 

Bettie gaan kyk.

"Ma! Ma!" roep sy angstig. "Ma, kom gou!"

# Stoute Boetie

Piet en Sarie kom gou kombuis toe.


Bettie staan en kyk met groot oë.

Boetie sit op die vloer voor die kombuiskas.

Hy het stilletjies soontoe gekruip.

Hy het die kas stilletjies oopgemaak.

Hy weet hy moenie!




Pakkies en blikkies en bottels lê op die vloer.

"Boetie!" sê Sarie, "Stoute Boetie!"

Langs Boetie lê 'n oop pakkie suiker en 'n oop bottel olie.

Hy het suiker en olie oor sy bene uitgegooi.

Hy is besig om die suiker en olie met sy hande te roer.



Hy lag en skree toe hy almal sien.

Hy lag en skree van lekker kry.

Bettie se oë is groot en rond.

Haar mond hang oop.

Sy sien suiker en olie op die vloer.

Sy sien suiker en olie op Boetie se bene en voete.

Sy sien suiker en olie op Boetie se klere.

Daar is suiker en olie op sy gesig en in sy hare.

Nou is Boetie besig om die suiker en olie te eet.

Hy lag en skree weer van lekker kry.

"Stoute Boetie!" sê Sarie weer.

Boetie hou op met lag.

Ma klink nou baie kwaad.

"Gaan terug TV toe," sê Sarie vir Piet.

"En Bettie, gaan jy saam met jou pa.

Bly weg van hierdie groot gemors af."

Bettie gaan saam met haar pa.

Haar ma lyk nou *baie* kwaad.

Bettie is bly *sy* het nooit so gemaak nie.

Sy is seker dat *sy* nooit so stout was nie!

Maar toe dink sy daaroor.

Sy kan nie onthou nie!

Sy *hoop* dat sy nooit so stout was nie!

